higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID

NKR-VLAK 3

(Eerste vraestel)

(7601053)

25 November 2024 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

522Q1N2425

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID
NKR-VLAK 3
(Eerste vraestel)
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 120

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Eenwoord-antwoorde is onvoldoende as die vraag van jou vereis om te “beskryf" of "verduidelik”.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Voorbeeld van afknouery in die werkplek is ...

A wanneer iemand weens hul geslag nie bevordering kry nie.
B wanneer jou baas onvanpaste seksuele opmerkings maak.
C wanneer 'n kollega jou werk probeer ondermyn en saboteer.
D wanneer jy vroulik is en jy net tee mag maak.

1.2 'n Student sal iets beter verstaan en onthou wanneer hy/sy dit voel, eerder as wanneer dit net in woorde of prente verduidelik word.

A Kinestetiese (Tasbare) leerstyl
B Visuele leerstyl
C Ouditiewe leerstyl
D Smaakgerigte leerstyl

1.3 Opsomming as 'n studietegniek beteken ...

A 'n vryvormdiagram, in die vorm van 'n boom, wat 'n uiteensetting van 'n onderwerp gee.
B 'n voorstelling van ooreenkomste en verskille van sekere konsepte.
C belangrike feite oor iets op 'n kort, bondige en duidelike manier.
D 'n reeks van eenvoudige proseskaarte tot meer komplekse denkvloeie.

1.4 Verbale mishandeling sluit in ...

A wanneer mense jou agtervolg en jou eiendom vernietig.
B aanstootlike taal, beledigings, gemene of verkleinerende opmerkings.
C verkragting, owerspel of enige vorm van gedwonge seksuele daad deur iemand.
D uitsluiting en om iemand te ignoreer of koud te wees teenoor hulle.

1.5 Om nie iemand aan te stel weens hul geslag nie, is 'n voorbeeld van ...

A geslagsteistering.
B geslagsdiskriminasie.
C geslagsafknouery.
D afknouery in die werkplek.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf. Gee 'n rede vir elke antwoord.

2.1 Verdrinking is 'n potensiële riskante situasie wat in water kan gebeur.

2.2 As ’n mens kan swem, hoef jy nie noodwendig al die waarskuwingstekens in die oseane, damme en riviere te volg nie.

2.3 Die newe-effekte van *roofies* en gomma-hidroksibutiraat (GHB) is nie lewensgevaarlik nie.

2.4 Taal en godsdiens is voorbeelde van diversiteit en kultuur.

2.5 Die Billikheidshof is die hoogste hof in die land en sy besluite kan nie deur enige ander hof verander word nie.

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Gedrukte (bv. koerante, tydskrifte), uitsaai- (bv. radio, TV) en digitale media (e-posse)	A	persoonlike ontwikkelingsplan
3.2	'n Interne manier om vakante poste te adverteer	B	leertegniek
3.3	Jou natuurlike manier om nuwe dinge te leer	C	netwerk
3.4	'n Instrument om te bepaal waar 'n mens in die lewe is en dit te koppel aan waar jy wil wees	D	oneties
3.5	Probeer om nuwe mense te ontmoet, want dit kan nuttig wees om hulle in die toekoms te ken	E	vrywilligerswerk
3.6	Leer nuwe vaardighede by die werk	F	massamedia
3.7	Verkeerd; oneerbaar; beginselloos	G	arbitrasie
3.8	Bestee tyd om iets te doen om ander te bevoordeel sonder om betaling te verwag	H	verhoor
3.9	Formele hantering van konflik in die werkplek	I	werkservaring
3.10	'n Amptelike vergadering om feite oor 'n probleem in te samel	J	kennisgewingborde
		K	sterk punte
		L	leerstyl
		M	Handves van Regte

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

vergelding; patogene; selfgeldend; hersien; bakterieë; teenliggaampies; KPR; SOI's; lees; onbeskof; groepsdruk; monosiete; jaloesie

4.1 Wanneer 'n teks ... word, beteken dit om vinnig weer deur die teks te gaan en die sleutelwoorde en frases te onderstreep.

4.2 Om … te wees beteken om selfversekerd en selfversekerd te wees sonder om aggressief te wees om 'n regte standpunt te verdedig.

4.3 As 'n drenkelingslagoffer gered is en hulle haal nie asem nie, moet jy ... doen.

4.4 Antigene en … is verantwoordelik vir honderde siektes en infeksies.

4.5 Verskillende dele van die liggaam vorm 'n hoogs effektiewe stelsel om mikroörganismes, soos virusse en skadelike ..., te vernietig.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Patricia is jou beste vriendin en sy neem medikasie vir MIV en VIGS sedert 2016. Sy wil ophou om die medikasie te neem, want sy voel gesond.

5.1 Verduidelik TWEE maniere waarop Patricia met MIV besmet kon word.

(2 × 2) (4)

5.2 Patricia glo daar is 'n geneesmiddel vir MIV en VIGS.

Dui aan of die stelling hierbo WAAR of ONWAAR is deur 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.2) te skryf. (1)

Gee 'n rede vir jou antwoord. (1 × 2) (2)

5.3 Tuberkulose (TB) is 'n opportunistiese siekte wat veroorsaak word deur bakterieë wat die longe aanval.

Noem DRIE simptome van tuberkulose (TB). (3)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Thomas werk in sy oom se groot hardewaremaatskappy in Boksburg. Toe hy twee jaar gelede vir die eerste keer begin werk het, was hy baie entoesiasties, 'n spanspeler en hy het groot planne vir die maatskappy gehad. In die begin was Thomas betyds vir werk en hy het al die spertye gehaal wat sy oom vir hom gestel het. Deesdae hang hy die hele dag rond en skinder. Hy speel op sy selfoon en is op sosiale media. Thomas verstaan nie wat gebeur het met die passie wat hy vir hierdie maatskappy gehad het nie.

6.1 Kopieer en voltooi die tabel hier onder in jou ANTWOORDBOEK.
Uit die scenario hier bo, verskaf DRIE voorbeelde van *moreel aanvaarbare* en DRIE voorbeelde van *moreel onaanvaarbare gedrag* in die werkplek.

MOREEL AANVAARBARE GEDRAG	MOREEL ONAANVAARBARE GEDRAG
(3 × 1)	(3 × 1)

(6)

6.2 Thomas het verlede jaar uitgevind dat sy oom se maatskappy nie die werknemers 'n verhoging sal kan gee nie. Die rede hiervoor was dat iemand geld by die maatskappy gesteel het.

6.2.1 Verduidelik hoe korrupsie 'n individu soos Thomas kan raak.

Noem DRIE maniere. (3)

6.2.2 Noem DRIE ander tipes korrupsie. (3)

6.2.3 Beskryf hoe korrupsie die samelewing raak.

Gee DRIE antwoorde. (3)

6.3 Thomas het besluit om 'n ander werk te soek aangesien hy nie meer passievol oor sy oom se maatskappy voel nie.

6.3.1 Beveel DRIE maniere aan wat Thomas kan gebruik om basiese loopbaannavorsing te doen om werksgeleenthede te ondersoek. (3)

6.3.2 Gee DRIE redes waarom netwerke belangrik is vir sy toekomstige werksvooruitsigte. (3)

6.3.3 Nadat hy sy loopbaannavorsing voltooi het, is Thomas steeds nie seker watter nuwe loopbaan hy moet begin volg nie.

Hoe kan *werkskaduwing* (‘*job shawdowing*’) hom help met hierdie besluit? (1 × 2) (2)

6.3.4 Verduidelik aan Thomas hoe 'n *vaardigheidsoudit* hom kan help om gereed te maak vir 'n nuwe werk. (1 × 2) (2)

[25]

VRAAG 7

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae wat volg.



WIN definieer seksuele teistering as 'ongewenste en aanstootlike gedrag van 'n seksuele aard, wat 'n persoon se waardigheid skend en hulle afgekraak, verneder, geïntimideer of bedreig laat voel'. Die organisasie se missie is 'om stabiele media-omgewings te bevorder en te vestig, wat gelykheid voorstaan wat betref die inhoud en die manier waarop mense behandel word, ongeag geslag'. WIN glo dat hierdie doelwit nie bereik kan word as seksuele teistering van enige aard geduld word nie en werk dus daaraan om ontslae te raak van teistering deur navorsing en die ontwikkeling van hulpmiddels vir die media.

[Bron: *https://www.comminit.com/media-development-africa/content/sexual-harassment-media-2020-2021-research*]

7.1 Werknemers is dikwels onwillig om seksuele teistering in die werkplek aan te meld.

7.1.1 Verskaf VIER redes waarom bogenoemde stelling waar is. (4)

7.1.2 Verduidelik VIER maniere waarop jy seksuele teistering in die werkplek kan voorkom. (4)

7.2 Beskryf VIER persoonlike konflikoplossingstrategieë wat 'n werknemer kan help om die konfliksituasies by die werk te hanteer. (4)

7.3 Gee TWEE voorbeelde van elk van die volgende by die werkplek:

7.3.1 Fisieke seksuele teistering (2)

7.3.2 Verbale seksuele teistering (2)

7.3.3 Nieverbale seksuele teistering (2)

7.4 Hoe dink jy baat werkgewers daarby om 'n diverse groep werknemers in hul besigheid te hê? Bespreek DRIE voordele. (3 × 2) (6)

7.5 Sou jy ooit die slagoffer van diskriminasie in die werkplek wees, waar kan jy die voorval aanmeld? (1)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 8

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae wat volg.



VERTALING: Gemeenskap
Wees die verandering. Lei die verandering.

[Bron: *https://europeanschool.ge/en/community-project-presentation/*]

8.1 Noem DRIE gemeenskapsprojekte waarby 'n mens betrokke kan wees om verandering in jou gemeenskap teweeg te bring. (3)

8.2 Watter leierskapsvaardighede het jy wat positief kan bydra tot hierdie tipe gemeenskapsprojekte? Noem DRIE. (3)

8.3 Of jy nou by die werk is of aan 'n gemeenskapsprojek deelneem, jy moet versigtig wees om mense te stereotipeer.

8.3.1 Beskryf die konsep *stereotipe*. (1 × 2) (2)

8.3.2 Gee TWEE voorbeelde van stereotipering wat jy ervaar het. (2)

8.4 'n Aksieplan is 'n stel stappe om jou akademiese doelwitte te bereik.

Noem TWEE dinge wat jy in ag moet neem wanneer jy so 'n plan skep. (2)

8.5 Noem DRIE kenmerke van iemand wat regterbrein-dominant is. (3)

[15]

VRAAG 9

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Ekonomiese misdaad: 'n Suid-Afrikaanse pandemie

Ekonomiese misdaad bly 'n ernstige uitdaging vir sakeleiers, staatsamptenare en privaat individue in Suid-Afrika volgens *The PwC Global Economic Crime Survey*, 2016. In hierdie opname is gevind dat die tendens onveranderd gebly het vanaf 2014, met 69% van Suid-Afrikaanse respondente wat aandui dat hulle een of ander vorm daarvan ervaar het in die 24 maande wat die opname voorafgegaan het. In vergelyking met die wêreldstatistiek van 36%, word Suid-Afrikaners gekonfronteer met die harde werklikheid dat ekonomiese misdaad op 'n pandemievlak is!

[Bron: *https://www.whistleblowing.co.za/economic-crime/*]

9.1 Hoe dink jy kan ekonomiese misdade en korrupsie in ons land gestuit word? Noem DRIE maniere. (3)

9.2 Verduidelik kortliks die term *belastingontduiking.* (1 × 2) (2)

9.3 Suzie is 'n graad 10-leerder wat saam met haar klasmaats 'n projek gekry het om te voltooi. Die leerders het die opsie om die projek individueel of in groepe van drie te doen. Suzie is onseker oor die opsie om te kies, en sy moet hieroor dink sodat sy nie 'n swak besluit neem nie.

9.3.1 Beskryf TWEE studietegnieke wat Suzie kan gebruik om vir haar eksamen te studeer. (2 × 2) (4)

9.3.2 Verduidelik in 'n paragraaf 'n besluitnemingsmetode wat Suzie kan gebruik om haar te help om hierdie besluit te neem. (6)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou